VERKORTE CV VAN CR (BOBO) VAN DER WESTHUIZEN

1. FORMELE KWALIFIKASIES

MATRIEK te Pretoria 1974

B COM (REKENINGKUNDE) – Universiteit van Pretoria Buitemuurs 1976-1980

B COMPT – UNISA 1981

B COMPT HONS / STR – UNISA 1982-1983

MBL – UNISA 1993- 1996

Verskeie kortkursusse en opleiding in vele Bestuursaspekte oor jare.

Steeds besig met voortdurende leer !

2. WERKSGESKIEDENIS

2.1 SAPD 1974 tot 1979 – Gestasioneer by verskeie stasies, Blitspatrollie en Pretoria Hof

2.2 Klerkskap by KPMG 1979 – 1982

Opleiding in alle aspekte van Rekenmeesters in opleiding

Skryf die GR (SA) kwalifikasie 5 keer sonder om by een eksamen alles te slaag maar alle vakke meer as een keer geslaag en kosbare lewenservaring opgedoen

Blootstelling aan alle tipes van kliente oor ’n breë spektrum

2.3 Interne Ouditeur Iscor 1983 – 1984

Blootstelling aan alle interne beheerstelsels van ’n groot organisasie van die Finansiële tot besigheid bedryfsstelsels

Spesialis in stelseloudits en verbetering van effektiwiteit in bedryfsomgewing

2.4 Atoomenergiekorporasie van Suid Afrika (AEK) 1984 -1996 , (NECSA nou)

Koste Rekenmeester 1984 – 1985

Koste verdelings en toedelings van alle programme in vertroulike, geheime en

uiters geheime projekte

Hoof Begrotings en Bestuursinligting 1985 -1987

Korporatiewe begrotings saamstel en uitklaring met programleiers en afdelings

Finansiële en ander bestuursinligting op deurlopende basis aan topbestuur en ander lynbestuurders

Senior Finansiële Bestuurder Kernbrandstofaanlegte 1987 -1990

Effektiwiteit van voorheen strategiese projekte om meer kommersieel te bedryf

Strategiese posisionering en prysbepaling van strategiese programme volgens Regeringsbeleid

Finansiële stelsels in plek plaas, finansiële dissipline vestig en van 'n Navorsingsgerigte benadering, deur inbedryfstelling van groot aanlegte tot normale bedryfstoestande omskakel

Hoofbestuurder Korporatiewe dienste 1990 – 1996

Afskaling van verskeie interne dienste na normale effektiewe dienslewering met geen strategiese redes vir bestaan nie

Ondersoeke na en uitkontraktering van alle nie-missie gerigte dienste aan buite organisasies en omskepping in groot bestuurde kontrakdienste

Verdere afskaling van dienste en aanpas by drasties verkleinde organisasie van 9000 tot 2500 personeel met gevolglike veranderende dienste behoeftes

Dienslewering sluit in Tuindienste van 250 ha , Skoonmaakdienste, Kafeteriadienste, Vlootbestuur, Kantooroutomatisasie, Fasiliteitsbestuur van die hele terrein en infrastruktuur , Biblioteekdienste en Kontrakbestuur van meeste dienste wat uitgekontrakteer is.

Waarnemende Uitvoerende Bestuurder Tegniese Dienste en Ondersteuningsdienste 1995-1996

Na die politieke oorgang is die Raad hersaamgestel en permanente aanstellings is oorgehou om in pas te kom met transformasie vereistes van Staatsorganisasies

Funksioneer byna 18 maande as Uitvoerende Bestuurskomiteelid verantwoordelik as lynbestuurder van alle dienste en strategiese bestuur van die organisasie.

Al die funksies hierbo genoem by Korporatiewe dienste was ek oorhoofs voor

Verantwoordelik asook alle tegniese Ingenieurs dissipines vir instandhouding soos Siviel , Meganiese , Elektries , Elektronies , Beroepsgesondheid kernveiligheid en Chemies.

2.5 BKS Raadgewende Ingenieurs, Finansiële Direkteur BKS Groep en Besigheidsbestuurder 1996-2002

Die Groep bestaan uit 12 bedryfsmaatskappye, 24 takkantore in die land en Verskeie kantore in die buiteland met ongeveer 1000 werknemers

Deel van die Uitvoerende Bestuur van die Groep en verslagdoening aan die Direksie en later ook aandeelhouer van BKS Groep aandele

Bestuur van al die Ondersteuningsdienste groepe en personeel (Finansies , Personeel , IT en kantoordienste.)

Verantwoordelik vir alle statutêre finansies van die Groep tot geouditeerde finansiële jaarstate.

Verantwoordelik vir begrotings van die hele Groep en verslagdoening aan die Raad.

Verantwoordelik vir alle aspekte van besigheidsbestuur wat nie deel vorm van Ingenieurs se tegniese werk

Kontantvloeibestuur van die Groep en direkte kontak van die Groep met Banke

Vestiging van buitelandse vennootskappe, maatskappye strukture en belasting vriendelike bedrywe vir buitelandse projekte in 12 Afrika lande. Direkteur en aandeelhouer in BKS Global gevestig in Mauritius vir alle buitelandse werk.

Deel van beoordelingskomitee en insette tot opstelling van verskeie tenders vir Projekte vir paaie, strukture, water en stedelike ontwikkeling

Professionele aanspreeklikheidsversekering portefeulje bestuur met potensiële eise saam met Versekeraar en regsverteenwoordiger van versekeraar

Direkte blootstelling aan die vier groot operasionele divisies van die maatskappy, Water Divisie, Strukture en brûe, Paaie en Stedelike Ontwikkeling/Infrastruktuur

2.6 Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus, Hoofdirekteur Finansies, Fasiliteite en Bedryfsdienste 2002 – 2017

Aangestel by die voormalige Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys met 1800 personeel , 120 geboue en 350 ha eiendom as Hoofdirekteur Bedryfsbestuur wat insluit Beskermingsdienste (Sekuriteit), Tegniese Dienste, Inwoning en Voedseldienste en Elektroniese Dienste. Na samesmelting met Unibob

en Vista word portefeulje Hoofdirekteur Finansies, Fasiliteite en Dienste met verdere verantwoordelikhede soos hieronder aangedui.

Deel van die Uitvoerende Bestuurskomitee saam met die Rektor en twee Viserektore, Studentedekaan en Registrateur – as Kampusbestuur in die algemeen verantwoordelik vir strategiesebestuur van Kampus en Dienste

Deel van taakspan om gedwonge samesmelting te help fasiliteer met voormalige Universiteit van Bop.

Verantwoordelik vir Kampus finansies van R2.5miljard se begrotings en finansiële bestuursinligting

Verantwoordelik vir die totale kampus se geboue en terrein instandhouding asook sportvelde van ongeveer 300 ha

Verantwoordelik vir al die ondersteuningsdienste en bedryf (Tegniese Dienste, Beskermingsdienste (Sekuriteit), Inwoningsdienste, Voedseldienste, Elektroniese Dienste, Inligtingstegnologie, Gesondheidsorgsentrum, Beurse en Lenings, Studenterekeninge, Debiteure en Hoe Prestasie Sportinstituut

Voorsitter van reëlingskomitee en later in beheer by Team Base Camp van Spanje tydens die FIFA Sokker Wêreldbeker in 2010, later toe wenners van die Wêreldbeker. Hul het 30 dae gewoon in Potch.

Bestuur alle nuwe fasiliteitsversoeke, opgraderings, kleinerveranderinge en Herinrigting van fasiliteite van beplanning tot projekuitvoering

2.7 VZLR Prokureurs Konsultasiewerk as CFO 2017 – Tans

Tree op as tydelike geskondeerde CFO met spesiale opdragte om stelselondersoeke en werkswyses te evalueer en verbeteringe aan te bring asook wye besigheidsondersoeke te doen en nuwe werkswyses , effektiwiteite en besparings te bewerkstellig.

2.8 Blootstelling aan rekenaarstelsels

Groupwise en Lookout as algemene kommunikasie medium intern en na ekstern

Microsoft se volledige pakkette vir Excel, Word en PowerPoint

Gebruiker van ORACLE finansiële – en personeelstelsel en later Kuali Financial Systems open source asook Ghost Practise stelsel.

2.9 Ander aktiwiteite

Huisvader van groot manskoshuis op kampus met 260 inwoners vir 8 jaar.

Betrokke by jeugbediening in die algemeen en saam met my vrou ook betrokke by kinderhuise oor jare.

Speel graag gholf , reis en geniet die natuurskoon.